Article from www.homeschooling-curriculum-guide.com

"Tuisonderrig – dalk die antwoord?"

deur Willemien Krüger © Maart 2011

Its not the superior academic education you can offer, its not the one-to-one tuition, its not the freedom your children have to pursue their passions, it not your that children can progress at their own pace, its not that you can tailor-make their education to suit their learning styles, its not the life skills they learn by working in the home. NO, the hidden blessing of homeschool is more than all this ..."... God's wonderful, but subtly hidden agenda is that the homeschooling experience be so challenging for the parents that they feel the need and hunger for a closer walk with their heavenly Father." (Kyle Miller)

Die konsep van tuisonderrig/tuisskool is vir baie mense vreemd alhoewel dit regtig wetttig in SA is vir jare al. Tuisonderwys word omskryf as die praktyk waar ouers hul eie kinders by die huis onderwys gee. Dit is een van die opsies toegelaat in die skolewet. Hoofredes waarom mense tuisonderrig sluit in godsdienstige, filosofiese, pedagogiese en/of sosiale redes. So baie ouers wonder soms oor wat dit behels en hoekom mens dit sal oorweeg of doen en hoe sal mens dit doen as jy by die besluit kom. In hierdie artikel deel 'n groep tuisskolers graag hulle perspektiewe as antwoorde op 'n paar algemene vrae.

Waarom doen mens tuisonderrig ? Hoekom doen ons dit ?

- In ons huis word tuisonderrig gedoen omdat ons glo 'dis die regte ding om te doen' om jou kind se volle unieke potensiaal te ontwikkel. As Christen is dit vir my absoluut essensieel om 'n waardestelsel eie aan ons so te kan oordra.
- Ek Tuisonderig omdat ek my kinders die beste wil bied t.o.v. geestelike groei, selfbeeld en selfvertroue te ontwikkel, kweek van regte karakter eienskappe, regte waardes asook om hul te leer om hulself te kan help en om verantwoordelikheid te kan aanvaar asook om verantwoordelik te kan omgaan met dit wat God aan hul toevertou het.
- Ek wil dit graag vir elkeen van my kinders moontlik maak om sy eie potensiaal te ontwikkel deur sy eie sterk punte aan te moedig en aan sy eie swak punte te werk. Dit is slegs moontlik indien elke kind teen sy eie tempo kan werk.
- As tuisskool ouers het ons die geleentheid om konstant dissipline en dissipelskap te doen –om ons kinders se karakter te vorm. Wanneer dinge kop uitsteek soos nalatigheid, luiheid, selfsugtigheid, oneerlikheid, disrespek of ander is ons daar om intervensies te doen. Ons het die geleentheid om sterk verhoudings te bou met ons kinders, hul harte te wen; sodat hulle kan leer om albei ouers en God te respekteer (eer) en kan opgroei as volwassenes met integriteit. Wat is die nut van goeie akademiese kwalifikasie maar hul is nie 'n persoon wat betroubaar, eerlik is of integritei het nie ? Tuisskool is vir ons 'n Totale Gesins Ontwikkelings program.

Kan enige iemand tuisonderrig ? Voel ons, ons kan ? Het ons altyd gedink ons kan ?
Navorsing het bevind dat daar geen verband is tussen die kwalifikasie van die ouer en die kind se prestasie nie.

- Wat my laat besef het dat ek die perfekte leerkrag vir my drie kinders is, het niks te doen gehad met my of my man se akademiese prestasies nie, maar wel die feit dat niemand in hierdie hele wye wêreld liewer vir daardie drie kindertjies is as juis ek en my man nie en ons weet tog 'n kindjie floreer in liefde!!! Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik…..wat nie noodwendig die geval is waar dertig kindertjies van verskillende agtergronde in een klas sit met net een onderwyseres verantwoordelik vir almal nie.
- Dit is 'n wanopvatting dat 'n tuisonderrig-mamma 'n onderwyskwalifikasie of vakkennis moet hê, of selfs "slim" moet wees. Toewyding oorbrug hierdie struikelblokke maklik. Ons almal twyfel maar soms, maar ons ondersteun mekaar. Die suksesse wat ons met ons kinders beleef ruim ook twyfel uit die weg.
- Enige ouer twyfel selfs of hul 'n goeie ouer is so dan en wan, en dit gebeur ook of jy tuisonderrig of nie, maar die geloof dat ek die regte ma is vir my kinders en ek het wat dit sal vat….en hulle is die regte kinders vir my en hulle het wat dit vat…. is die perspektief wat my deurdra.

Wat definieer ons as kwaliteit onderrig ?

- Ek glo basiese vaardighede soos lees en somme maak moet deeglike aandag kry. Dit beteken ook dat die kind leer om lees te geniet en die deure wat dit vir hom oopmaak moet ontdek. Ons lê ook baie klem op selfstandige denke, probleemoplossing en sinvolle kommunikasie van kennis wat ingewin is.
- In ons huis word daar van kleins af aandag gegee aan die aanleer van 'leer om te leer' en navorsingvaardighede en om te 'dink' oor dinge. Daar is tyd om in eie belangstellings te ontwikkel en te leer, wat ons nie glo noodwendig die nodige aandag geniet in 'n skoolstelsel nie.
- As ouer wat nou direk vir my kinders se onderrig verantwoordelik is sien ek dadelik die problem areas raak en maak dadelik werk daarvan om dit op te los (hetsy self of met 'n oulike rekenaar paket of deur gebruik te maak van 'n professionele persoon) en 'n ekstra bonus van als is dat daar nou genoeg **TYD** is vir kwaliteit ondderig, kwaliteit gesins tyd asook vir 'n vol en besige buitemuurse aktiwiteite. D.w.s. ons gaan nie meer heeldag skool (6 ure by die skool en dan nog 3ure huiswerk en dan nog skool aktiwiteite nie!).

Wat doen jy ?

Ter agtergrond wil daar gestel word dat daar 'n wye verskeidenheid van kurrikulums (vol of gedeeltelik) beskikbaar is wat mens kan koop. Kurrikulums kan geklassifiseer word as 'n spektrum van aan die een kant - 'vol tradisioneel' soos skool kurrikulum met handboeke en werkboeke tot aan die ander kant – 'unschooling' wat 'n los benadering tot formele leer is. Vir meer inligting oor die verskillende benaderings tot tuisonderrig lees Step2 Approaches. Tussen hierdie uiterstes is daar ander benaderings wat mens eers ondersoek nadat mens jou visie uitgeklaar het van wat jy wil bereik met tuisonderrig. Vir meer inligting om 'n visie te definieer sien Step 1 Define a vision. Hierdie visie is eie en uniek aan elke gesin en baie belangrik om uit te klaar alvorens kurrikulum gekies word.

- Ek maak my eie samestelling van materiaal in elke vakgebied gegrond op wat ek gedefinieer het vir my belangrik is t.o.v. ons visie wat ek en my man gedefinieer het. Die samestelling het dus 'n doel en is deel van 'n groter plan. Weliswaar glo ek dat in later jare my kind ook self 'n aanduiding sal gee wat belangrik en nodig is in sy/haar voorbereiding tot sy/haar lewensdoel.
- Tans doen ek navorsing op elke vak gebied. Ek betrek ook my kinders in hierdie navorsing proses aangesien hulle oud genoeg is om te help. Ek stel belang in programme wat al die grade insluit sodat daar 'n maklike oorgang van graad tot graad is.
- Ek volg my eie samestelling van material aangesien leermateriaal in my kinders se moedertaal nie plaaslik beskikbaar is nie. Ek stel ten doel om die grondslag vir leer deeglik onder die knie te kry, maar werk dikwels aan hand van onderwerpe waarin my kinders belangstel. Sodoende gee hulle aan my 'n aanduiding in watter rigting ons in die toekoms gaan beweeg. Ek glo nie dat tyd gemors moet word met onnodige kennis versameling nie.

Hoeveel tyd vat dit ?

- Afhangend van die take vir die dag, duur skoolwerk so 3 ure deur die loop van die oggend. Ek sien alles wat my kinders doen as 'n geleentheid vir leer. Ek vind dat ek baie meer tyd beskikbaar het as my vriendinne met hulle kinders in die skool.
- Gewoonlik vat dit so 3-4 ure per dag, maar daar is nie dan nog ander 'huiswerk' wat nog gedoen moet word nie.
- Tans onderrig ons tussen 4-5 ure per dag, maar dit sluit alles in bv. Musieklesse, ekstra oefeninge in wiskunde, gerekenariseerde spoedlees oefeninge, wetenskap eksperimente ens.

Watse goeie dinge gebeur vandat jy tuisonderrig ? en wat is die opoffering om dit te doen?

- Daar is defnitief 'n baie hegter verhouding tussen my en my kinders asook die atmosfeer in die huis is meer ontspanne. Die kinders is ook baie meer ontspanne in evaluasie omstandighede omdat die STRESS van eksamens plek gemaak het vir selfversekerheid van "ek VERSTAAN dit nou" en die kompetisie is teen myself dus is elke mislukking nou 'n tree nader aan sukses en nie 'n tree nader aan VERNEDERING nie!
- Verseker voel dit soms of ek min tyd het veral wanneer ons besig is in die oggende, maar dan weet ek ons het baie MEER tyd as al my vriendinne wie se kinders in die skool is as ek luister hoe besig hulle is. Meer tyd vir mekaar, vir familie, vir speel en rus en ondersoek en leer. Die wonderlike positiewe van tuisonderrig vir my is om te kan verhouding bou met my kinders,

want ek leer hulle so goed ken – met al die op en af wat daar in ‘n tyd intensiewe verhouding is. Wat ‘n voorreg om so heerlik ‘fellowship’ te kan hê!

- Vandat my kinders tuis is het selfs ek baie meer tyd. Ek leer my kinders in elke fase goed ken en ons kommunikeer oor alles en nog wat. Ek offer wel die tyd in die oggend op wanneer ander mammas alleen sou kon hul dagtakies doen, maar in ruil hoef ek nie op die horlosie te kyk om betyds my kinders te gaan oplaai nie, en ek hoef nie te wonder wat het die kinders in die skool geleer of nie geleer nie…
- Om die soogdiere en “little 5” as gesin in die wildtuin te bestudeer en die res van die week Mpumalanga se bosbou, sywurmplaas, koffieplaas en geskiedenis saam te “beleef” Om as gesin op ‘n koue wintersdag warm toegewikkel klassieke verhale te bespreek, eie speletjies ontwerp en sommer net lekker toekoms drome deel. Om ons huis oop te stel vir oorsee se besoekers en die leergeleentheid benut dat kinders van kulture, gasvryheid, ons dorp se skatte te deel en toergids speel op safari’s.
- In ons huis is verjaarsdae nou elke keer ‘n unieke nuwe projek wat ywerig beplan word en met groot passie geniet word!

Wat van sosialisering en sport ?

- Buiten sportaktiwiteite waaraan alle gewone kinders buite skool verband kan deelneem is daar ‘n kulturele organisasie genaamd die Voortrekkers wat ‘n goeie sosialiserings organisasie is. Ook kom ons as tuisskolers gereeld bymekaar juis om te speel.
- Tuisskoolmammas reël nes ander mammas speelgeleenthede vir hulle kinders. My kinders het maatjies wat tuisskool ontvang sowel as maatjies wat in die skool is. Ons kinders leer ok binne gesinsverband sosiale vaardighede aan. Buitemuurse aktiwiteite soos sport is ook ideale sosialiseringsgeleenthede. Die tuisskolers in Potchefstroom neem aan ‘n groot verskeidenheid sportsoorte deel.
- Omdat daar nou meer tyd is vir buitemuurse aktiwiteite het ons nou meer buitemuurse aktiwiteite waaraan ons kan deelneem, maar met een groot verskil, die kinders geniet die buitemuurse aktiwiteite meer omdat die skoolwerk klaar afgehandel is vir die dag asook dat hul fokus meer by die aktiwiteite is en dus presteer hul beter.

Wat sou jy aanbeveel vir ‘n ouer wat tuisonderrig oorweeg ?

- Deurdink jou grond rede of motivering baie mooi en definieer dit as jou visie vir jou tuisonderrig m.a.w. wat sal jy wil bereik deur jou kinders tuis te leer ? Bewoord dit as “Ek wil my kinders so leer dat hulle eendag x, y,z kan weet/doen/wees.”
- Baie belangrik is dat man en vrou saam hierdie besluit moet neem en nie net een party nie. Jy gaan die ander een se ondersteuning nodig hê.
- Soos baie ander belangrike besluite in mens se lewe is die besluit om te tuisskool baie persoonlik. Dis dus noodsaaklik om SELF tot die besluit te kom en mens nie deur ander se omstandighede en opinies te laat beïnvloed nie.
- Onthou tuisonderrig is ‘n reis nie ‘n eindbestemming nie.